



Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

Dirk van der Hoffgebou, Jacob Maréstraat 224, Pretoria 0002; Posbus 2368, Pretoria 0001
Tel 012 322 8885 / 012 320 3279 (faks), frikkie@nhk.co.za
Sekretaris: Dr FJ Labuschagne

13 April 2012

OMSENDSKRYWE NR 10/2012

**AAN: Gemeenteskribas
Ringskribas
Dienaars van die Woord**

Geagte broer/suster

IN CHRISTUS SE VOETSPORE...

VERKLARING VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) is sedert die 69ste Algemene Kerkvergadering (AKV) in September/Oktober 2010 gekonfronteer met interne spanning na aanleiding van besluite oor apartheid. In pogings om hierdie spanning te hanteer is daar onder andere talle gesprekke gevoer en 'n Buitengewone Algemene Kerkvergadering (BAKV) in Oktober 2011 gereël. Na afloop van die BAKV het die Kommissie kennis geneem van 'n groep lidmate en ampsdraers wat op 12 November 2011 'n verklaring uitgereik het waarvolgens hulle die *steedsHervormers belydenis gespreksgroep* (sH) amptelik in die lewe geroep het.

In ooreenstemming met 'n besluit van die BAKV het die Kommissie 'n Bemiddelingskomitee aangewys wat gesprekke met groepe in die Kerk moet fasiliteer. Die Kommissie het in Maart 2012 kennis geneem van verskeie gesprekke tussen die Bemiddelingskomitee en lede van die sH. Die Kommissie het daarop versoek dat 'n reglement vir 'n moontlike vereniging teen 30 Maart 2012 aan die Kommissie voorgelê word sodat dit op die 70ste AKV kan dien. Die komitee van die sH het besluit om nie so 'n reglement aan die Kommissie voor te lê nie, en die eis gestel dat hulle standpunte en strukture in die NHKA geakkommodeer moet word.

Die Kommissie van die AKV het op 13 April 2012 vergader en besluit

- * die gesprekke tussen die Bemiddelingskomitee en die sH moet voortgaan
- * die Kerkorde moet volledig deur alle lidmate en ampsdraers nagekom word, en verdere stappe in hierdie verband sal binne die volgende week bekendgemaak word.

Mag die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde van God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees met u wees.

Met agting
Die uwe

Dr FJ Labuschagne
Namens Skriba: Dr WA Dreyer